



IBBY SA



email: sacbf@worldonline.co.za

Books for Africa Newsletter email: booksforafrica@iafrica.com

website: www.ibbysa.org.za

NEWSLETTER NO. 2

2014

- IBBY SA is the South African section of IBBY.
- IBBY is the International Board on Books for Young People.
- IBBY SA's area of interest is everything to do with South African books for children and young people.
- If you are a member of IBBY SA, you are also a member of IBBY.
- IBBY's 2004 World Congress was hosted by IBBY SA in Cape Town.

Wamkelekile! Sithemba ukuba uza kuthanda ukufunda eli phepha eli futshane eli neendaba.
Come on in, and enjoy what the newsletter has to offer by way of news and thought-provoking ideas!



Summer Bookbash at SASNEV

A big thank you must be sent out to Genevieve Hart for running a wonderful question and answer session with Author and Illustrator Niki Daly. The event took place on Thursday 13th March at the usual venue and all who attended absolutely loved it. This is what Jay Heale had to say about it:

“Isolation” and “Perfection” were two key words early on in this discussion. Niki told of the cultural and literary isolation of South Africa (during the 1970s and 80s) which was, in a way, an advantage: as an illustrator, he did not have to measure up to famous names in UK and USA, but could create his own name and brand in SA. At the same time, his code was to seek perfection in his artwork. (Anyone who has seen, as I have, how many excellent watercolour paintings were discarded can bear witness to that.) Niki deplored the present attitude of accepting and even praising mediocrity.

Those who missed this entertaining evening arranged by IBBY SA missed a gem. **Genevieve Hart** (of the University of the Western Cape) was “in conversation” with author-illustrator **Niki Daly**. It was well-prepared, enlightening, often eye-opening – and also saddening as Niki described how increasingly hard it was to have a picture book accepted for publication. “The days are gone when a strong-minded editor could say, I like this. I’m going to take a risk on it.” (He might well have been thinking of someone like Margaret McElderry.) Today, accountants, marketing managers and strategists decide on a “product”.

The shelf life of a children's book in the States is about six months, Niki told us. If it hasn't won a prize or hit the heights by then, it is removed. Always supposing that the book reached the shelves at all – as often fails to happen in South Africa.

“Yes,” agreed Niki, “subversive. On behalf of the child. I want the young reader to discover that he can fight for his own personality – like not being kissed by countless aunts when he doesn't like it!” See *No More Kisses for Bernard!* featured as this month's Book of the Month.

Niki and Genevieve (and some of the audience) discussed early objections to a white person depicting black persons. The bulk of Gogo in *Not So Fast, Songololo* was criticised. Niki said that the character came from real life – and provided a contrast to the diminutive figure of the boy Songololo. Others had said it was “demeaning” to show an African boy playing with mud (in *Charlie's House*). “Rubbish!” said Niki. “All children play with mud.”

He praised the ‘old guard’ of illustrators: Fiona Moodie, Paddy Bouma, Marjorie van Heerden and Ian Lusted. (The latter, sadly, no longer with us.) He reckoned that Piet Grobler was the beginning of the ‘new wave’ of SA illustration, with words of approval for such as Alex Latimer and Chris Venter.

We had glimpses of Niki's “showmanship” (coming from his own early experience as a pop singer); of the peaceful co-existence with wife-artist Jude Daly (“We have separate studios, and like each other's books”); of the sadness that publishers around Africa don't go for co-editions, perhaps deciding in advance that “South African children don't want to read about Ghanaian children”. What – not encounter Meshack Asare and others?

Throughout, and thanks to Genevieve's guidance, we realised or were confirmed in our belief that Niki Daly has maintained a “stewardship” over South African illustrated books, setting a standard, insisting on perfection, encouraging others – and waving the SA flag proudly here and abroad. Just glance at the final spread inside *The Herd Boy*, with the joyous celebration of a presidential inauguration – and Niki's personal tribute to Nelson Mandela.

In IBBY SA terms, it was One Enchanted Evening – and one of the best ever!

Keep a look out for information about our next exciting Winter Bookbash, we look forward to seeing you there ☺



NIKI DALY TALKS TO GENEVIEVE HART



Afrikaans Book Reviews by Lona Gericke

📖 KLEUTERS / TODDLERS:

Daar's 'n T.Rex in die tuin / Daar's 'n Stegosaurus in die storie / Daar's 'n Diplodokus by die deur / Daar's 'n Trikeratops op die trampoliën, Ruth Simmons & Aleksei Bitskoff (H&R, 2014)



Hierdie 4 prentboeke met feite oor Dinosaurusse is absoluut wenners! Uit ondervinding weet ek hoe kleintjies boeke oor Dinosaurusse geniet; en hier kan hulle die spesifieke een plaas in 'n bekende omgewing, soos een wat na 'n restaurant toe gaan, of 'n maagpyn het, of wou stort, of die toilet moet gebruik, in jou tuin bly, dieretuin toe gaan, werk soek of sy verjaarsdag vier! In elke situasie vertel kleurvolle humoristiese en snaakse illustrasies deur Bitskoff die verhaal, vergesel van ewe snaakse en insiggewende teks.

Die boekies is uiters aantreklik, en kinders leer interessante feite terwyl hulle ook op heerlike verbeeldingsvlugte kan gaan.

Hoogs aanbeveel vir tuis en biblioteek versamelings.

***Bella en Bollie en die njammie-njam-dag*, Mandy Sutcliffe (PROTEA, 2014)**

Hierdie is die derde boekie in die Bella en Bollie-reeks. Die ander twee titels is *Bella en Bollie en die nagsoentjie* en *Bella en Bollie en die verjaarsdagverassing*.

Die twee maatjies doen alles saam. Wanneer Bollie sy neus optrek vir gesonde kos soos pap en 'n gekookte eier vir ontbyt, en aandring op koekies en veral wortelkoek, beluit Bella om op 'n subtiele wyse Bollie bloot te stel aan die lekkerte van gesonde kos, soos groentesop en vrugtegoedjies.

Die boek het regtig so 'n oud-wêreldse voorkoms en die illustrasies op dowwe papier is duidelik deur 'n illustreerder wat in Engeland opgelei is, gedoen. Die tema is belangrik, veral met so baie kleintjies wat vol fiemies is oor wat hulle wil eet, maar ek weet nie hoe goed die amper “doodse” gevoel wat die illustrasies gee, ontvang sal word nie. My gevoel is dat die boek nie by baie kinders aanklank gaan vind nie.

***Die goue Kring*, Koos Meinderts en Harrie Jekkers (PROTEA, 2013)**

Uit Nederlands vertaal deur Nicol Stassen

'n Magtige koning vrees die Dood, en wens daar is 'n manier hoe hy van die Dood ontslae kan raak. Sy geleerdes raai hom aan om maar liewer te leer om die Dood te aanvaar, maar die Koning besluit hy gaan die Dood uitoorlê.



Hy laat 'n glashok bou rondom die bed van 'n man wat op sterwe lê; en as die Dood daar inloop word hy vasgekeer en kan nie weer ontsnap nie. So gebeur dit dan dat die mense in die land oorleef; tot so 'n mate dat die volk al waaghalsiger begin leef; en die Koning finaal besluit dalk is dit nie so 'n slegte idêe om dood te gaan nie!

So het die Dood oorwin; en die volk het gelukkig gesterf wanneer dit hul beurt was.

Piet Grobler het weereens met sy illustrasies sy insig en fyn uitbeelding van die teks geopenbaar. Daar is 'n ligte aanslag in die illustrasies, baie lewe en beweging; 'n Koning wat nie baie imposant voorkom nie, en dus geensins sy onderdane bevrees maak nie. Daar is vrolike kleurvolle feesvierings met die diere in kostuums en met snaakse hoofbedekkinge.

Ek bevrage teken wel die geskiktheid van die verhaal as prentboek vir kinders 5+, en sal graag wil hoor hoe die boek ontvang is en verkoop. Dit is 'n gesofistikeerde aanbieding wat handel oor 'n baie ernstige tema. Onlangs het Ben en die walvisse deur Ingrid Mennen verskyn – hier is die tema ook die dood van 'n geliefde Oupa, maar die boek is baie meer toeganklik vir kinders en is dan ook bekroon met die MER prys vir 'n geïllustreerde prentboek.

Die groot Poefwedstryd, Guido van Genechten (PROTEA, 2013) In Afrikaans vertaal deur Daniel Hugo

Die Koning van die land kondig die jaarlikse poefwedstryd aan wat die minister van Binnelandse Poefsake moet organiseer.

Die diere word uitgenooi om hul mooiste Poefkunswerke na die kasteel te bring – “julle Akkies moet kunstig lyk”.

Mejuffrou Koei het haar miskoek in ’n koekboks gesit en is eerste aan die beurt. Die bokbroers het torinkies van hul blinkswart drolletjies gemaak; Konyn maak ’n konstruksie van sy drolletjies, en skilpad dra sy poef in ’n Middeleeuse ysterpotjie.

Mevrou Mier is die laaste kandidaat. Met klein mier poefies het sy geskryf: “Lank lewe Koning Kuttel”. Die ontroerde Koning het natuurlik haar as die wenner aangewys.

Die laaste twee bladsye van die boek gee ’n lys van die pryswenner sedert 1996 tot 2012.

Nouja! Die skrywer meld op die titelblad dat die boek nie vir “sensitiewe neuse” geskryf is nie. Weereens sal ek graag wil weet hoe die boek verkoop! Sonder twyfel is die skrywer internasionaal bekend, en veral die illustrasies is regtig baie kinder-vriendelik en sorg vir ’n boek wat baie mooi vertoon. Jammer dat die teks gedruk is in ’n font wat kinders moeilik gaan lees. Dalk die beste dat ouers wat nie grillerig is vir poefstories nie, dit voorlees aan hul kinders.




⇒ BEGINNER LESERS EN JONGER LESERS / YOUNG READERS:

Superboetie!, Jaco Jacobs (LAPA, 2014)

Ryno Rademan is deesdae net die ouer boetie van SuperBaba, die een met superkragte. Hy dink dit is ’n pyn om ’n superheld in die huis te hê. Hy voel hy het onsigbaar geword. Ryno hou daarvan om strokiesprente te teken. Met ’n babakompetisie waaraan sy bababoetie deelneem, kom hulle te staan voor die gedugte Bredenkamp gesin. Hul baba het ook superkragte wat hy vir kwaad aanwend, in so ’n mate dat hy selfs ander babas by sy gemene daade kan betrek! Al genade is dat Ryno sy boetie help om die skurk vas te trek. So word hulle saam ’n gedugte span!


Chris Venter het vrolike humoristiese illustrasies en strokiesprente gemaak wat daartoe bydra dat die geheel indruk reg in die kraal van jong lesers, veral seuns, sal val. Terselfdertyd word dit aan



lesers uitgewys dat broers wat mekaar help, die beste span uitmaak- saam is hulle werklik super boeties!

Vrolik; lekker vermaak. Behoort 'n jong leserspubliek te trek.

Professor Fungus en die dino-avontuur / Professor Fungus en die robotkrisis, Jaco Jacobs (LAPA, 2014) Illustrasies deur Johann Strauss.



Hierdie is die vyfde en sesde titels in 'n baie gewilde reeks.

Die tweeling Bennie en Jenny is dol oor hul ma se interessante neef, Professor Fungus. Hulle weet sy laboratorium beloop altyd opwinding, en dus besoek hulle hom gereeld.

In die Dino-avontuur is sy nuwe uitvinding 'n tydmasjien. Hy nooi hulle uit om die Jura tydperk saam met hom te gaan verken. Dit is die tydperk van die Dinosaurusse! Wanneer 'n Pterosaurus vir Edison, die Professor se robot vang, moet hulle vinnig 'n plan maak om hom te red en weg te kom.

Lekker ligte leesstof vir jong kinders. Johann Strauss se kleurvolle illustrasies maak die boeke 'n lus vir die oog. Opwindend en vol humor en avontuur.

In Professor Fungus en die robotkrisis ontwikkel die Professor 'n nuwe robot, die B-Bot, wat briljant is en omtrent enigiets kan doen. Hy het die robot vir 'n skatryk Ouma gebou, maar toe sy dit kom afhaal word dit duidelik dat die robot in der waarheid in die hande van 'n geslepe dief beland het. Edison het egter 'n plan om B-Bot uit te oorle.

Hoogs aanbeveel vir jong wetenskap-liefhebbers en enige kind wat hou van opwinding wat gepaard gaan met 'n gesonde dosis fantasie en verrassende insidente wat hul verbeeldings sal aangryp.

Dog detective William and the poachers, Elizabeth Wasserman (Tafelberg, 2014)

Hierdie is die derde Speurhond Willem boek wat deur die skrywer self in Engels vertaal is. Speurhond Willem is 'n geliefde karaktertjie en saam met sy "baas", Alex, het hy heerlike avonture waarvan Alex se ouers dikwels salig onbewus is! Dit is wonderlik dat Engelssprekende kinders wat dalk nie Afrikaans magtig is nie, nou ook toegang verkry tot 'n uiters leesbare en genotvolle reeks.



Die rower Hotsenplots, Otfried Preussler (PROTEA, 2014) Uit Duits vertaal deur Amelia de Vaal. Eerste Afrikaans uitgawe in 1964 deur Universiteits-Uitgewers en Boekhandel.

Hierdie is een van daardie klassieke verhale wat altyd deur kinders geniet gaan word, selfs wanneer die teks soms heel formeel klink en daar van twee pond suiker gepraat word wat Kasper en Stoffel by die winkel gaan koop!



Kasper se geliefde Ouma word van haar koffiemeultjie beroof deur die gevreesde rower Hotsenplots. Sy is juis so lief vir hierdie verjaarsdag geskenk, en drink sommer meer koffie as vantevore omdat die meule haar gunsteling liedjie speel as sy die slingertjie draai.

Kasper en Stoffel besluit dadelik dat hulle Sersant Dimpelman gaan help om die rower vas te keer. Hul plan om sy skuilplek te vind deur die waentjie wat kwansuis goud dra en 'n sandstreep deur die woud maak, werk egter nie. Hotsenplots verander dit in twee sandstrepe; en die twee seuns wat hoede omgeruil het, beland een by Hotsenplots en die ander een by die towenaar Plagelman.

Kasper dra Stoffel se hoed, en hy moet sakke aartappels afskil vir die altyd honger towenaar. In die towenaar se afwesigheid ontdek hy 'n brulpadda in 'n waterput, en sy vertel hom dat hy 'n bossie heide moet gaan pluk om haar terug te toor in die feeprinses wat sy is. So word die avontuur al vermaakliker en kom daar tog vir ons twee helde 'n gelukkige einde en kan hulle 'n feesmaal geniet van hul gunsteling pruimtert met room! En Ouma het haar geliefde koffiemeultjie terug!

Genoeg vertel van die lekker storie. Kinders sal dit geniet; onderhoudend en heel grappig.

Slym en die towertapyt, Fanie Viljoen (LAPA, 2014)

In hierdie gewilde reeks vir 7+ jariges het reeds drie boekies verskyn wat baie goed in biblioteke ontvang is.

Slym is hier nog steeds in die paddaskool, en omdat hy en Paddavoet vir juffrou Plat Anna gelag het, moet julle die hele klas en die stoorkamer skoonmaak. In die stoorkamer ontdek hulle die wonderlikste ding – ’n towertapyt. Slym het nog nie sy ouers kon opspoor vandat hy tussen die paddas beland het nie, en hy voel die towertapyt sal hom kan bring na sy tuiste. Daar ontdek hy egter dat sy ouers reeds verhuis het. Met die prysuitdeling van die sertifi-kwake wag daar egter ’n groot verassing op hom.



Hierdie reeks is uiters geskik vir beginner lesers met die heerlike grootdruk en kleurvolle illustrasies. Slym is ’n karaktertjie wat in die leser se hart kruip met sy manewales en manier van aanpassing by die klomp paddas. Lekker leesstof.

Zackie Mostert en die wriemelende wurmkoekies, Jaco Jacobs (LAPA, 2014)

Hierdie is die agste titel in ’n baie gewilde reeks vir 9-11 jariges.

Zackie en sy vriend Vincent lees van die pretpark wat open, en hulle wil dolgraag gaan. Ongelukkig is altwee platsak. Zackie se ma bak die heerlikste koekies, en hy besluit hulle twee kan seker ook die resepte gebruik en die koekies by die skool verkoop. Maar die boelie Anton dreig om al hul profyt op te eet. Hul besluit om erdwurms in die koekies te sit wat Anton gevra het, maar dinge loop lelik skeef met Nita wat daarop aandring om eerste gehelp te word en sy kry toe wurmkoekies! Vir hul straf moet die twee nou elk drie erdwurms voor die hele skool opeet. Maar die twee het al weer ’n blink plan om uit die ding te wriemel! Lekker geskryf; leesbaar en onderhoudend. Hoogs aanbeveel vir jong lesers.



Die groot boek van gevoelens / Die groot boek van families, Mary Hoffman (PROTEA, 2013)
Illustrasies deur Ros Asquith



Die groot boek van gevoelens stel jong lesers bekend aan wat gevoelens is – voorbeelde word gegee van vrolik wees, hartseer; opgewonde en verveeld wees; nuuskierig wees; kwaad en ontsteld wees; laf, eensaam, bang wees en veilig voel. Verleë, skaam en selfversekerd word ook bespreek; bekommerd wees jaloers en tevrede wees.

Ek het Ros Asquith se illustrasies werklik geniet – baie ligte, vrolike aanslag met tipiese kindergesiggies en situasies. ’n Komieklike kat kruip op elke bladsy weg om die lesers nog verder te vermaak.

Baie leersaam; voldoende inligting oor elke gevoel wat bespreek word. ’n Handige boek vir gebruik in skole, in biblioteke en tuis.

Die groot boek van families is ook deur Ros Asquith geïllustreer. Kinders leer dat jy verskillende soorte families, afgesien van die tradisionele familie of gesin, kry. Mense woon ook in verskillende huise; sommige gesinne het mense wat werk of werk soek; party gesinne gaan met vakansies weg of gaan op uitstappies of bly tuis; mense hou van verskillende soorte kos, dra verskillende klere en hou van verskillende troeteldiere. Stokperdjies wissel ook van gesin tot gesin. Kinders sien ’n voorbeeld van ’n stamboom; en die finale vraag is “watter soort familie het jy vandag?”

Hierdie twee boeke sal verwelkom word in skole en biblioteke aangesien belangrike temas aangespreek word en verduidelik word. Aanbeveel.

Die Suurtjies, Jaap Robben (PROTEA, 2013) Vertaler: Daniel Hugo. Illustreerder: Benjamin Leroy

Harry en Huibert Suur is twee broers wat alleen in ’n huis woon. Hulle is so suur dat selfs die muurpapier se blommetjies verwelk. Hulle valstande word in glase met asyn oornag gehou. Hulle hou hulle besig met ’n daaglikse roetine van dieselfde dinge doen en ervaar. Hulle jaarlikse

vakansie beloop 2 dae; dan is hulle weer haastig op pad huis toe om die klagtelyn van die stad te bel. Wanneer 'n kleurvolle koevert in hul posbus verskyn is dit te veel vir die suurtjies. Hul klagtes

hieroor word begroet met 'n vriendelike stem, die van Gerda de Bok, die nuwe skakelbord persoon.

Wanneer Gerda persoonlik by hul voordeur opdaag, is hulle verstom oor hoe baie sy na hul geliefde moeder lyk! Toe hulle stry oor wie se hond dit is, breek altwee se valstande. By die tandarts kry hulle ou gebruikte tande, maar gelukkig is dit gratis!



Gerda kom tot hul redding as die seuns sokker speel op die stukkie gras waarop selfs hulle nie mag loop nie.

Hierna is Gerda 'n gereelde gas. Die kaartjie wat hulle nie wou oopmaak nie, is 'n verjaarsdagwens van hul ma se neef Niko wat wil kom kuier.

Toe hul ma se 111ste verjaarsdag gevier moet word, is die enigste genade dat die twee hulself vermom as hul ma.

Die uitgewers adverteer die boek as 'n kinderboek vir 7+ jariges.

Hierdie boek is myns insiens nie geskik vir heel jong kinders nie. Dit is 'n uiters gesofistikeerde aanbieding met illustrasies wat Europees is en nie tot die algemene kind of publiek in Suid Afrika gaan spreek nie. Dat ek as volwassene die donker humor geniet en waardeer wat die boodskap is wat oorgedra word, veroorsaak nog nie dat hier 'n mark vir die boek gaan wees nie. Hier is baie suggestie, en die subtiele tema van eensaamheid wat veroorsaak dat die twee broers suur die lewe benader en verskrik in hul bekende omgewing wegkruip totdat Gerda, ook simbolies die ma-figuur, hul uiteindelik help om weer terug te keer na die ou bestaan wat ook baie gesellig was.

Hierdie is 'n slim, tong-in-die-kies-verhaal; kom ons sien of dit 'n mark hier plaaslik gaan vind.

⇒ TIENERS / TEENAGERS:

Bloujaar, Keina Swart (PROTEA, 2014)

Hierdie is die eerste tienerverhaal van die skrywer.

Laerskool Kleinvlei se kinders het 'n pa-en-seun-gholfdag by die gholflklub. Rampie en sy pa – Derra – soos hy hom noem, neem deel en wen die kompetisie. Maar 'n vreugdevolle dag eindig op 'n donker noot met hul tuiskoms as hulle sy ma en familie erg bedroef tuis aantref.

Sy oudste sussie is Kiekkel, sy speel klavier, en Pikkedas is die jonger sportiewe sussie. Sy ma bespreek Derra se siekte met die ander twee, maar Rampie voel uitgesluit en hoor nie wat regtig verkeerd is met sy Pa nie.

Dan is hulle ook genoodsaak om nader aan die hospitaal te trek vir sy pa se behandeling, en gaan bly in sy Ouma se huis. In Graad 7 is hy dus ook genoodsaak om na 'n nuwe skool te gaan. Juffrou van der Linden is sy nuwe klas onderwyseres. Sy is van Holland en praat met 'n snaakse aksent. Hy verslaap een oggend en vertel 'n leuen oor sy afwesigheid by die skool. Juffrou van der Linden besoek sy ouers, en vir straf moet hy soms haar hondjie gaan oppas.

So begin sy vriendskap met die hondjie Sokkies.

Die tema van kanker waaraan 'n ouer sterf het ek al voorheen in 'n jeugverhaal teëgekem. Myns insiens is hierdie verhaal heel gemiddeld, maar wat 'n mens bybly en van die boek laat hou, is die vriendskap tussen die seun en die Hollandse onderwyseres se hondjie, en dan ook waar die gesin weer 'n saamhorige eenheid begin vorm met Rampie wat voel hy is nie meer die pad byster nie; hy gaan nog baie dinge doen, en dat sy woord sy eer is, laasgenoemde na die insident waar hy betrek is by 'n winkeldiefstal deur ander seuns. Daar is tog 'n kykie in die lewe van 'n gesin; die seun wat oortuig is sy ma is 'n vyand wat hom nie betrek by sy pa se siekte nie; hy moet eers weer perspektief kry en dit geskied met die hulp van sy vriend en sy verhouding met die brakkie. *Bloujaar* verdien 'n plek op skool- en biblioteekrakke.

***Oliver Strange and the forest of secrets*, Dianne Hofmeyer (Tafelberg, 2014)**

This is the third book in an engrossing adventure series featuring the boy Oliver Strange, his friend Zinzi and his herpetologist father.

What a wonderful series! In this story Oliver and Zinzi accompany his father on a trip to Colombia in South America. His father is focused on finding a very poisonous frog species for his research, while the two children soon get involved with a local boy who mysteriously invites them to his secret hideout, and they are drawn into the boy's personal quest- to get rid of the Gorilla fighters



who think that he will lead them to the Embera gold, while he in turn also helps the two children to destroy the cocaine plantation run by the Gorillas. I will not reveal the secret hiding place of the gold, or how to reach this special place; the fun will be for our young readers to discover this for themselves!

Well written; totally engrossing, entertaining and convinces the reader that the writer does her research well and one gets a strong sense of authenticity. Highly recommended. A joy to read.

In die kollig: speelt tekste vir dramaleerders, Lizz Meiring
(Samesteller), (LAPA, 2014)

Die Eisteddfod veroorsaak jaarliks groot hoofbrekings vir onderwysers en bibliotekaresse. Almal is op soek na nuwe materiaal, en dikwels is die verskeidenheid maar baie beperk. Dus 'n groot verligting om hierdie versameling van 33 verhoogtekste te vind waarin die werk van verskeie skrywers soos Fanie Viljoen, Franci Greyling en andere bymekaar gebring is.



In die inhoudsopgawe word eerstens tekste vir een speler gegee, daar word identifiseer of dit vir 'n seun of meisie geskik is; en of die monoloog of prosa geskik is vir onervare en minder ervare of meer ervare akteurs. Dit word gevolg deur tekste vir twee spelers, en vervolgens vir meer as twee spelers.

Die tekste bied 'n verskeidenheid van humoristies en ernstig; en deurgaans is hier genoeg verskeidenheid om keuses maklik te maak. Die boek is 'n welkome toevoeging tot skool en biblioteek versamelings. Hoogs aanbeveel.

⇒ **NIE-FIKSIE / NON-FICTION:**

Die volledige skaakboek, Elizabeth Dalby (PROTEA, 2014) Met Internetskakels.



’n Skaakboek in Afrikaans word altyd verwelkom! Hierdie keurig versorgde en aantrekklike aanbieding is geskik vir beginners sowel as ander spelers op verskillende vaardigheidsvlakke.

Elke stuk word behandel, verskillende openings, verdedigings, taktiese kunsies; verdedigingstegnieke; skaakmatprobleme; toernooie en gelykopspelle om maar ’n paar onderwerpe te noem. Beroemde skaakspelers met hul foto’s word bespreek, skaakwoorde en probleemoplossings. ’n Volledige indeks word gevolg deur ’n lys van erkennings.

Regtig ’n pragtige boek!

Die Aarde: ’n Ensiklopedie vir kinders, John Woodward (H&R, 2014)

’n Imponerende ensiklopedie wat verwelkom gaan word deur biblioteke en tuisversamelings.

In die inhoudsopgawe word die verskillende afdelings met ’n kleurkode aangedui om naslaanwerk te vergemaklik. Die planet aarde se afdeling word gevolg deur rotse en minerale; water; klimaat en weer; lewe op aarde; die wêreld van mense; kaarte van die wêreld en lande van die wêreld. Daar is ook ’n woordelys en indeks.



Die soms asemberowende illustrasies maak die leser lus om verder te kyk en te lees en jou belangstelling en nuuskierigheid om meer te weet word gestimuleer. Kort inligting word byvoorbeeld gegee oor elke land met die oppervlakte, bevolking, hoofstad, geldeenheid amptelike taal en selfs die lewensverwagting – in Japan 82 jaar. Die landsvlag word ook in kleur gegee.

Hoogs aanbeveel.

facebook

Please remember to visit our **facebook** page and keep us informed on any children’s book news or events you’d love to share!!!

Yours in Children’s Books

IBBY SA